

Titel: Ek is...jou Skepper God, jou Bruidegom
Pastoor: Charlou Jordaan
Datum: 07 Augustus 2011
Tyd: 09h30



a) Ek is...jou Skepper God

Psalm 115:16

Die hemel is net vir die Here, maar die aarde het Hy aan die mense gegee.

- Ander bewoonde planete?

Die aarde is geskep vir die mens en is:

1. Presies die regte grootte!

- 25 000 myl omtrek
- 8 000 myl deursnit

2. Rotasiesnelheid

3. Suurstofmengsel

Psalm 40:6

Here my God, U het baie wonderlike dinge gedoen; U dink altyd aan ons; daar is niemand soos U nie. Ek sou daarvan wou vertel en daaroor praat, maar dit is te veel om op te noem.

Op Sinai vra Moses:

Eks 33:18

Toe sê Moses: "Laat ek tog net u magtige verskyning sien! "

- Let me see your glory Lord!

God antwoord:

Eks 33:20-23

²⁰ "Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie." ²² As Ek in my magtige verskyning verbykom, sal Ek jou eers in 'n rotsskeur sit en jou met my hande toemaak totdat Ek verby is.²³ Dan sal ek my hande wegvat sodat jy My van agter kan sien. Niemand mag my gesig sien nie.

2 Kor 3:7

Hierdie heerlikheid het op die gesig van Moses so geskitter dat die Israeliete nie na hom kon bly kyk nie.

Eks 15:11

Wie van die gode is soos U, Here? Wie is soos U, so hoog geëer en heilig? In lofsange word U vereer, Bewerker van wonderdade!

Jes 48:11

Ter wille van Myself en daarom alleen, doen Ek dit. Ek laat my Naam nie oneer aandoen nie. Ek gee die eer wat My toekom, aan niemand anders nie.

Jes 40:12, 18

¹² Wie het die waters in die holte van sy hand afgemeet, met die breedte van sy hand die maat van die hemel bepaal, met 'n maatemmer die grond van die aarde afgemeet, met 'n skaal die berge en heuwels geweeg?¹⁸ Met wie kan julle God dan vergelyk? Met watter beeld kan julle Hom gelykstel?

b) Ek is...jou Bruidegom

Jes 54:5a

Hy wat jou gemaak het, is jou man, sy Naam is die Here die Almagtige.

Open 19:7

Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en Sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.

Tradisionele Joodse huwelik

1. Die Vader van die bruidegom gaan soek die bruid uit en onderhandel

Joh 6:44

Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie; ...

2. Joodse Vader stuur dan sy seun na die huis van die toekomstige bruid.

- **Ontmoet**
- **Verloof**
- **Ketubah**

Joh 3:16

God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

3. Die verbond word verseël

- **Drink tradisioneel glas wyn saam**

Matt 26:27-28

²⁷ Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: Drink almal daaruit, ²⁸ want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.

1 Kor 6:20

“julle is gekoop en die prys is betaal.”

4. Die bruidegom beloof om terug te keer as hul woonplek ingerig is.

Joh 14:2

In die huis van My Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

Matt 24:42

Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet watter dag julle Here kom nie.

5. Die bruid bly agter

- **Maak gereed vir bruidegom**
- **Wag op sy koms**

Matt 25

Gelykenis van die tien maagde

6. Die bruidegom kom haal sy bruid

- onverwags
- met ramshorings / feestelik

1 Tess 4:16

Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal.

7. Bruid word na huwelikseremonie weggevoer

- Ketubah voorgelees
- Egpaar voltrek huwelik fisies
- bruidegom se vriend

Joh 3:29

Die bruidegom is die een aan wie die bruid behoort; Maar die vriend van die bruidegom staan en luister of hy kom en is baie bly wanneer hy die stem van die bruidegom hoor. Daarom is ek nou met blydschap vervul.

8. Die bruidegom deel geskenke uit aan die bruid in die bruidskamer

- Wat hy glo haar toekom

Open 22:12

Jesus sê toe: “ Kyk, ek kom gou! Ek bring die loon saam met my om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het.”

c) Die wagtende bruid

Hoe berei sy voor vir haar bruidegom?

1. Sy moet doen wat haar bruidegom sal behaag.

Matt 28:19-20

¹⁹ Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en ²⁰ leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het...

Luk 19:10

Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.

2. Leef in liefde en verbondenheid met ander gelowiges.

Joh 13:35

“As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

Joh 17:21

“Ek bid dat hulle (die gelowiges) almal een mag wees ... sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.”

3. Sy moet haar aangesig laat skitter

Hooglied 2:10

Die man wat ek liefhet, praat, hy sê vir my:Staan op my liefling, my mooiste, kom na my toe!

Open 2:28

Ek gee vir jou die môrester.